



Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 26 OKTOBER 2017 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M A Rangasamy

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen

Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)

Bess, D G (DA)

Daniels, C (DA)

De Beer, J M (DA)

Fortuin, C B (DA)

Humphreys, F S (ANC)

Maart, E S M (DA)

McQuire, V D (DA)

Mfutwana, L E (EFF)

Papers, C H (DA)

Penxa, B J (ANC)

Philander, D B (ANC)

Smit, N (DA)

Sneewe, A M (ANC)

Solomons, P E (DA)

Stanley, B J (DA)

Stemele, O M (DA)

Van der Westhuizen, R F (DA)

Van Zyl, M (DA)

Zatu, N S (ANC)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp

Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadslede, die media en amptenare.

Rdl C B Fortuin open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker.

Die Speaker gee geleentheid aan die Munisipale Bestuurder om 'n oorhandiging aan die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste te doen. Die Munisipale Bestuurder noem dat mnr Roelof du Toit by die onlangse kongres van die Vereniging vir Munisipale Elektrisiteitsondernemings vereer is tot Erelid van die Vereniging. Waardering word met die toekenning uitgespreek vir volgehoue en uitstaande diens gelewer in die bevordering van die doelstellings van die Vereniging.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beampes wat gedurende September en Oktober verjaar. Rdl E S M Maart wens ook, namens die Raad, die Speaker geluk met sy verjaardag op 11 Oktober.

Die Speaker versoek 'n oomblik van stilte in medelye met me S Kulsen met die onlangse afsterwe van haar Pa na 'n lang stryd met kanker, en ook – in die lig van kanker bewusmakingsmaand – in medelye met baie ander families wat naasbestaandes aan die dood afgestaan het.

Verder, in die lig van die betoging deur opkomende boere op datum, verwys die Speaker na Bylaes 4B en 5B tot die Grondwet (ingesluit by alle kennisgewings van raadsvergaderings) en bevestig dat opkomende boere nie een van die funksies is wat ingevolge die Bylaes aan plaaslike owerhede opgedra word nie.

1./...

Weens die onvermoë van die betrokke nasionale en provinsiale departemente om hul mandaat uit te voer, word druk op plaaslike owerhede as regeringsfeer naaste aan die gemeenskap geplaas.

Rdl Philander versoek dat dit op rekord geplaas word dat die onderskeie regeringsfere moet saamwerk, en dat Swartland Munisipaliteit 'n beleid het ten opsigte van kommersiële boere, maar nie met opkomende boere nie. Rdl Philander doen 'n beroep dat die Munisipaliteit moet oorweeg hoe hande gevat kan word met die opkomende boere.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die munisipale raad is voltallig.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: WATER SITUASIE

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester om die Raad toe te lig insake die water situasie en die pad vorentoe – vir volledigheidshalwe word die voorlegging aangeheg as Aanhangsel A.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 31 AUGUSTUS 2017

BESLUIT

(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl D B Philander)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 31 Augustus 2017 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 8 AUGUSTUS 2017, saamgelees met NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 2 AUGUSTUS 2017

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 13 SEPTEMBER 2017, saamgelees met NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 6 SEPTEMBER 2017

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU 1 AUGUSTUS 2017

6.2 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 24 AUGUSTUS 2017

7. SAKE VIR BESPREKING

7.1 IMPLEMENTERING VAN VLAK 5-WATERBEPERKINGS EN GEPAARDGAANDE VERHOOGDE WATERTARIEWE (16/1/17)

Sedert die instelling van vlak 4-waterbeperkings met ingang van 1 Augustus 2017, het die water situasie dramaties versleg. Die verlaagde damvlakke noodsaak Swartland Munisipaliteit om vlak 5-waterbeperkings te oorweeg, soos reeds geïmplementeer by verskeie plaaslike owerhede en ook Stad Kaapstad.

Rdl D B Philander spreek sy kommer uit dat die verhoogde watertariewe nie bekostigbaar is vir die middelklas nie. Verder, soos reeds vantevore, versoek rdl Philander dat die aantal huishoudings op 'n perseel in ag geneem moet word, veral in die geval van deernishuishoudings waar 6 kl gratis water slegs aan een huishouding per erf toegeken word.

[Rdle V D McQuire en D B Philander verlaat die lokaal om 12:00 soos gereël met die Speaker.]

Weens die tariefaanpassings, bring die Speaker die item tot stemming, en word beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met 16 raadslede ten gunste daarvan, en vyf raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C H Papers)

- (a) Dat die bestaande Vlak 4-waterbeperkings herroep en goedkeuring verleen word dat die voorgestelde Vlak 5-waterbeperkingsmaatreëls, soos vervat in **Aanhangsel A** tot hierdie verslag, met ingang vanaf 1 November 2017 geïmplementeer word;
- (b) Dat bogemelde beperkings nie sal geld:
 - (i) waar spesiale vrystelling skriftelik deur die Munisipaliteit verleen word nie;
 - (ii) waar ander bronne van nie-drinkbare water gebruik word en 'n kennisgewing waarop die bron aangedui word, opgerig is op 'n plek waar dit duidelik sigbaar is en met dien verstande dat – indien boorgatwater as 'n ander bron van water aangedui word – daar 'n verpligting rus op die eienaar om gemelde boorgat en ook die leweringsvermoë daarvan, indien bekend, by die Munisipaliteit aan te meld;
- (c) Dat die Munisipale Bestuurder volmag verleen word om, in terme van artikel 69(2) van die Verordening rakende Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Nywerheidsuitvloei, 2014 afwykings, vrystellings of verslappings ten opsigte van die bepalings op redelike gronde te mag verleen;
- (d) Dat die volgende watertariefaanpassings geïmplementeer word met effek vanaf die diensterekening wat gedurende November 2017 vir betaling teen 30 November 2017 gelewer sal word:

Ten opsigte van huishoudelike verbruikers:

	Tarief per eenheid (kiloliter)
0 tot 4 kl	R6,30 plus BTW
5 tot 10 kl	R17,61 plus BTW
11 tot 15 kl	R19,37 plus BTW
16 tot 20 kl	R55,00 plus BTW
21 tot 25 kl	R72,00 plus BTW
26 tot 50 kl	R99,99 plus BTW
51 kl en meer	R265,12 plus BTW

7.1/...

Ten opsigte van besighede:

R25,00 plus BTW vanaf die eerste kiloliter verbruik

Ten opsigte van skole, regeringsinstellings en sportklubs:

R30,00 plus BTW vanaf die eerste kiloliter verbruik

- (e) Dat die boetes ten aansien van eiendomme wat meer as 20 000 liter (20 kiloliter) per maand verbruik, geïmplementeer word met effek vanaf 1 Desember 2017;
- (f) Dat 'n openbare kennisgewing in bostaande verband in die media, asook op die webtuiste en sosiale media-platform (*Facebook*) gepubliseer word, en by die biblioteke en betaalpunte van die Munisipaliteit getoon word.

7.2 WYSIGING VAN VIREMENTBELEID (5/1/B)

Die implementering van mSCOA noodsaak die wysiging van die Verimentbeleid deurdat die uitgawe op elke lynitem nou gekoppel moet word aan 'n finansieringsbron. Die gevolg is dat meer viremente gedoen sal moet word, totdat genoegsame historiese data opgebou is.

Die Direkteur: Finansiële Dienste wys die Raad daarop dat hierdie mSCOA-vereiste eers tydens 'n vergadering op 11 Oktober 2017 deur die Nasionale Tesourie aan munisipaliteite bekend gemaak is.

BESLUIT

(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die vereiste om die finansieringsbron ook te oorweeg tydens die oordrag van fondse by die beleid geïnkorporeer word.

7.3 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): JULIE-SEPTEMBER 2017 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die voorlegging van die verslag aan die Raad dien as een van die Uitvoerende Burgemeester se algemene verantwoordelikhede om die Raad in te lig insake die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die Munisipaliteit.

Die Speaker gee geleentheid aan die Direkteur: Finansiële Dienste om enkele belangrike punte uit die verslag aan die Raad voor te hou.

BESLUIT

(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

Dat kennis geneem word van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Julie 2017 tot 30 September 2017.

7.4 VERSOEK OM BO-PERKE TE OORWEEG VAN DIE MPAC-VOORSITTER, ARTIKEL 79 KOMITEE (3/2/2, 5/10/1)

[Rdl C B Fortuin verlaat die lokaal vir die oorweging van die item.]

Die Speaker verduidelik dat rdl C B Fortuin verskoon word vanaf die bespreking van die item weens sy amp as voorsitter van die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC).

Die Speaker gee geleentheid aan die Munisipale Bestuurder om die item toe te lig. Die Munisipale Bestuurder wys die Raad daarop dat die vasstelling van die toelaes van Raadslede in April 2017 afgekondig is, wat nou ook toelaes aan artikel 79 voorsitters insluit.

7.4/...

Op navraag van rdl N S Zatu of die betaling verpligtend is, noem die Munisipale Bestuurder dat dit die prerogatief van die Raad is om oor die betaling van toelaes aan raadslede te besluit, en of toelaes hoegenaamd betaal moet word. Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die voormalige MPAC-voorsitter, me Cox-Chetty nie hierdie toelaag ontvang het nie.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en in die afwesigheid van twee raadslede word –

EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van rdl M S I Goliath, gesekondeer deur rdl F S Humphreys)

- (a) Dat daar kennis geneem word dat sedert die Instellingskennisgewings ten aansien van Swartland Munisipaliteit met inbegrip van die verklaarde voltydse raadslede, daar 'n verskil is tussen die Strukture Wet bepaling en die bepaling van bo-perke ingevolge die Wet op Openbare Ampsbekleërs;
- (b) Dat daar kennis geneem word dat die bo-perke kennisgewing ingevolge die Wet op Openbare Ampsbekleërs 'n artikel 79 komitee voorsitter (wat die MPAC insluit) 'n maksimum toelaag van R316 632 kan verdien, pleks van die gewone raadslidtoelaag van R246 725;
- (c) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die maksimum toelaag – ingevolge die bo-perke kennisgewing van 3 April 2017 – wat betaalbaar is;
- (d) Dat die nodige oorlegpleging met die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering gedoen word en dat sodra goedkeuring ontvang word die administratiewe handeling volvoer;
- (e) Dat gebaseer op die bepaling van paragraaf (c) hierbo die regstelling gedoen word ten aansien van die huidige MPAC-voorsitter met ingang van 11 Augustus 2016.

7.5 AANSTEL VAN PERSONEEL IN BOUBEHEERAFDELING (15/4/1)

Daar is met ingang van 1 September 2017 twee nuwe aanstellings in die Afdeling: Boubesker gemaak, naamlik

- Mnr W M Mokwena as Hoof: Boubeskerbeampte; en
- Me V Seysman as Bou-inspekteur.

Rdl B J Penxa bedank die Munisipaliteit vir die aanstelling van twee swart persone in die Afdeling: Boubesker.

BESLUIT

(op voorstel van rdl M S I Goliath, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

- (a) Dat kennis geneem word dat artikel 28(4) van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977 bepaal dat 'n Raad enige bevoegdheid wat aan hom verleen is, skriftelik kan delegeer, uitgesonderd die aanstelling van 'n Hoof Boubeskerbeampte, derhalwe
 - word die aanstelling van mnr W T Mokwena as Hoof Boubeskerbeampte ooreenkomstig artikel 5(i) van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977 met ingang van 1 September 2017 bevestig;
- (b) Dat verder goedkeuring verleen word dat me V Seysman ooreenkomstig artikel 5(1) van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977 aangewys word om die funksies van Boubeskerbeampte te vervul in die afwesigheid van mnr W T Mokwena en dat verder kennis geneem word dat me Seysman oor die nodige Diploma in Boubesker beskik.

7.6/...

7.6 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM (KERKPERSEEL) TE MOORREESBURG (12/2/B)

Swartland Munisipaliteit is die geregistreerde eienaar van erf 2001 ($\pm 4\ 160\ m^2$), geleë in Eerstelaan, Moorreesburg.

Goedkeuring is in Maart 2011 verleen vir die hersonering en onderverdeling van erf 2001 in 8 residensiële eiendomme, asook 'n kerkperseel ($\pm 1\ 939\ m^2$). Die grondgebruikreg van die kerkperseel het intussen verval.

Daar word opnuut belangstelling getoon in die eiendom en word aanbeveel dat 'n bodproses gevolg word om die eiendom te vervreem.

BESLUIT

(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C H Papers)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates dat 'n mededingende twee-fase bodproses gevolg word vir die vervreemding van die volgende vakante onroerende eiendom:
 - Erf 5423, gedeelte van erf 2001, Moorreesburg (groot $\pm 1939\ m^2$)
- (b) Dat goedkeuring verleen word dat die toepaslike grondgebruiks- en administratiewe stappe deurloop word om toe te sien tot die opmeting en registrasie van erf 5423, asook die hersonering en onderverdeling van die restant erf 2001 om agt residensiële erwe (ooreenkomstig die oorspronklike beplanning) te skep, ten einde gemelde erf 5423 (so gou moontlik) asook die oorblywende agt woonerwe (in 'n later stadium) vir vervreemding aan te bied;
- (c) Dat kennis geneem word dat die eiendom wat te koop aangebied staan te word uit die staanspoor vir vervreemding vir gemeenskapsdoeleindes (plek van aanbidding) ingevolge die sonering daarvan geïdentifiseer is en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geormerk is nie;
- (d) Dat die onderstaande gesubsidieerde prys as reserweprys (BTW uitgesluit) vir die eiendom vasgestel word, ooreenkomstig die bevoegdheid aldus verleen deur paragraaf 15.2.2 van die Munisipaliteit se Beleid insake die Oordrag van Munisipale Bates:
 - Erf 5423, Moorreesburg R17 200,00 (20% x R86 000,00)
- (e) Dat volmag verleen word
 - (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om
 - te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksie ontvang word; en om
 - die aanbiedinge wat ontvang word vir die eiendom te oorweeg vir aanvaarding al dan nie, en 'n besluit te mag finaliseer rakende die oordrag van die bates;
 - (ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die evalueringskriteria en voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur indien nodig, met inagneming van die toepaslike bepalings in die Beleid insake die Oordrag van Munisipale Bates.

7.7 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOMME (RESIDENSIËLE EIENDOMME) TE MALMESBURY (12/2/5/4-8/17)

Die Munisipaliteit het gedurende Julie 2017 oordrag van erwe in die Glen Lily-ontwikkeling geneem nadat dit vanaf die gelikwiderde ontwikkelaar, *Little Swift Investments 191 Proprietary Limited* vir 'n bedrag van R7 miljoen (BTW uitgesluit) terugkoop is.

7.7/...

Die reserwe pryse van die onderskeie eiendomme is met die sakelys gesirkuleer en het die verslag ten doel om aan te beveel dat die eiendomme van die hand gesit word deur middel van die onderskeie vervreemdingsopsies wat deur die betrokke wetgewing toegelaat word.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdl P E Solomons)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates dat die volgende onroerende eiendomme in Malmesbury soos volg te koop aangebied word:
- Die 83 residensiële erwe in Glen Lily Noord per openbare veiling aan voornemende ontwikkelaars in die geheel (d.w.s. nie as individuele erwe nie) en daarna – indien 'n aanbod nie aanvaar word nie – in 'pakkies' van erwe;
 - Die 38 residensiële erwe in Glen Lily Suid beskikbaar gestel word
 - (1) aan natuurlike persone (ingesluit eerste huiskopers) per openbare veiling; en/of
 - (2) aan regsentiteite/ontwikkelaars vir ontwikkeling in 'pakkies', hetsy per openbare veiling of tenders met ontwikkelingsvoorstelle, met dien verstande dat sodanige erwe beperk sal word tot daardie erwe in die ontwikkeling wat ontwikkelingsuitdagings bied;
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendomme wat te koop aangebied staan te word uit die staanspoor vir vervreemding as residensiële eiendomme geïdentifiseer is in terme van die sonering daarvan en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geormerk is nie;
- (c) Dat die reserwepryse (BTW uitgesluit) vir die eiendomme vasgestel word ooreenkomstig Aanhangsel B tot hierdie verslag, welke reserwepryse deur die Raad geag word die markwaarde daarvan billik te reflekteer, met dien verstande dat kapitaalbydraes en ander uitgawes (bv. vir herstelwerk aan infrastruktuur) by gemelde reserwepryse gevoeg word, indien dit nodig sou wees;
- (d) Dat, in daardie gevalle waar eiendomme aan natuurlike persone aangebied word per openbare veiling, die reserwepryse ook alle ander kostes moet insluit, soos BTW, oordragskoste en afslaerskommissie, sodat die totale kostes vooraf aan kopers bekend is;
- (e) Dat oorweging verleen word aan potensiële intensiewe (bv. verminderde afslaerskommissie, oordragskoste, bouplanfooie) wat vir eerste huiskopers sal geld;
- (f) Dat volmag verleen word
- (iii) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om
 - te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksies ontvang word; en om
 - die aanbiedinge wat ontvang word vir die eiendomme te oorweeg vir aanvaarding al dan nie, en om 'n besluit te finaliseer rakende die oordrag van die bates;
 - (iv) aan die Munisipale Bestuurder om, in oorlegpleging met die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en ander tersaaklike rolspelers, ingesluit die raadsprokureur, die toepaslike vervreemdingsopsies asook voorwaardes van verkoop te finaliseer soos voorgehou in hierdie verslag;
- (g) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien bogemelde eiendomme onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende prosesse, dit uit-die-hand-uit op 'n 'first come first serve' basis verkoop mag word teen die reserwepryse soos voormeld;
- (h) Dat die vervreemding van die kommersiële eiendom in 'n later stadium oorweeg sal word.

7.8 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN MUNISIPALE MEENTGROND (ERF 327) TE WESBANK, MALMESBURY (12/2/5/2-8/7)

Hierdie item het voor die Raad gediën op 31 Augustus 2017 en is goedkeuring verleen vir die uit-die-hand vervreemding van 'n gedeelte ($\pm 2\,581\text{ m}^2$) van erf 327, Malmesbury aan AST Africa Trading 368 (Pty) Ltd.

Sedertdien is daar wysigings aan die grondaansoek aangebring, aangesien toegang uit Jasmynstraat problematies is. Een van die redes is dat die aangrensende eienaar, die Traut Familietrust, begerig is om 'n gedeelte van erf 327 ($\pm 460\text{-}500\text{ m}^2$) wat aanliggend tot sy eiendom is, te bekom.

Rdl Z Bekebu versoek dat daar 'n verduideliking gegee moet word waarom daar in sekere gevalle 'n mededingende proses gevolg word, en in ander gevalle uit-die-hand vervreemding toegelaat word. Die Munisipale Bestuurder noem dat die betrokke wetgewing bepaal wanneer laasgenoemde proses deurloop mag word – onder andere – as die eiendom aangrensend tot die aansoeker se eiendom is, en nie vir enige basiese munisipale diens benodig word nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl C Daniels, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die gewysigde gedeelte (groot $\pm 2\,075\text{ m}^2$) van Erf 327, Malmesbury om uit-die-hand vervreem te word aan AST Africa Trading 368 (Pty) Ltd vir konsolidasie met Erf 4175 en Erf 1935 **teen R681 000,00 BTW uitgesluit**, onderhewig aan die voorwaardes soos per Raadsbesluit gedateer 21 Augustus 2017;
- (b) Dat goedkeuring verder verleen word vir die restantgedeelte van Erf 327, Malmesbury ($\pm 460 - 500\text{ m}^2$ groot) om uit-die-hand uit vervreem te word aan die Lionel Traut Familietrust teen R328,00/m² BTW uitgesluit vir konsolidasie met Erf 7207, Malmesbury, onderhewig daaraan dat die voorwaardes wat vir AST Africa Trading geld, mutatis mutandis op hierdie transaksie van toepassing sal wees.

7.9 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN ERF 974 (OPENBARE OOP RUIMTE) TE DARLING (12/2/5/5-3/1)

Die Renosterveld Brewery (Pty) Ltd wat handeldryf as Darling Brew, het op 20 September 2017 met die Munisipaliteit vergader om moontlikhede te ondersoek om die besigheid uit te brei. Sedert die besigheid in 2014 vanaf Kaapstad na Darling verhuis het, is die besigheid in 2015 vergroot met die uit-die-hand vervreemding van erf 1401 (groot 1,4888 ha) vir die vestiging van 'n wynproe lokaal en restaurant as toeriste fasiliteit.

'n Aansoek is derhalwe ontvang om erf 974, Darling (groot $\pm 1,5084\text{ ha}$) vanaf die Raad te bekom.

Die brouery en gepaardgaande fasiliteite word tot groot voordeel van Darling en sy gemeenskap geag.

BESLUIT

(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdl F S Humphreys)

- (a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat Erf 974, Darling uit-die-hand-uit vervreem en oorgedra word aan Renosterveld Brewery (Pty) Ltd vir konsolidasie met Erf 4377, en wel ten bedrae van R920 000,00 BTW uitgesluit;
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendom tans as publieke oop ruimte gesoneer is en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig was of word nie;
- (c)/...

7.9/...

- (c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop:
- (i) Die aansoekers oor twee jaar 'n suksesvolle besigheid gevestig het wat ekonomies (deur talle werksgeleenthede) en as toeriste-atraksie (gebaseer op die toenemende besoekersgetalle) tot groot voordeel van Darling en sy gemeenskap geag word, en derhalwe as synde in die posisie beskou word om die bestaande besigheid volhoubaar en suksesvol te kan uitbrei;
 - (ii) Die voorgestelde konsolidasie van Erf 974 met Erf 4377 vir kommersiële doeleindes, aansluit by Strategiese Doelwit 3 van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, naamlik om ekonomiese geleenthede te ontsluit, mobiliteit en ekonomiese skakels te verstewig en om die ekonomiese potensiaal van Swartland-wyke (in hierdie geval wyk 5) te fasiliteer;
 - (iii) Die ontwikkeling en werksgeleenthede wat uit die ontwikkeling van die grond voortspruit, asook toerismepotensiaal vir Darling wat die beplande uitbreidings inhou, as buitengewoon voordelig geag word vir die betrokke gemeenskap/dorp, en dit nie in die beste belang van die Munisipaliteit of die gemeenskap in die algemeen sal wees om 'n mededingende proses te volg nie;
- (d) Dat die transaksie onderhewig sal wees aan die volgende voorwaardes:
- (i) Daar nie enige gunstiger teenvoorstelle of aanbiedinge ontvang sou word in reaksie op die advertering van die transaksie nie;
 - (ii) 'n Opskortende voorwaarde in die verkooppooreenkoms vervat word wat oordrag van die eiendom onderhewig stel daaraan dat die grondgebruiksproses (hersonering) en wysiging van die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk suksesvol deurloop moet word;
 - (iii) Die koper, benewens die koopprys, ook verantwoordelik sal wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit advertensiekostes, oordragkostes en die kostes wat verband hou met die relevante grondgebruiksansoeke asook kostes van konsolidasie en (m.v.n. (iii) hieronder) registrasie van dienste-serwitute of verskuiwing van dienste;
 - (iv) Indien enige munisipale dienste verskuif of voorsien of by wyse van serwituut beskerm moet word, dit vir die rekening van die koper sal wees, en met dien verstande dat indien dienste verskuif moet word, die ontwikkelaar 'n ingenieur, toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000, moet aanstel om die nodige ontwerpe te doen. Gemelde ontwerpe moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê word vir goedkeuring en konstruksie moet geskied onder die toesig van gemelde ingenieur;
 - (v) Die dienste van die raadsprokureur (Terblanche Slabber Pieters) gebruik word om die verkooppooreenkoms op te stel en oordrag aan die koper te bewerkstellig;
 - (vi) Die voorgenome ontwikkeling op die gekonsolideerde eiendom sal moet voldoen aan die toepaslike grondgebruiksparameters, en bouplanne aan die Munisipaliteit voorgelê sal moet word ooreenkomstig die Verordening betreffende die Indien van Bouplanne (PK 56818 gedateer 22 Mei 2015);
- (e) Dat die uitvoerende burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige teenvoorstelle of aanbiedinge wat ontvang sou word in reaksie op advertering van die voorgenome transaksie;
- (f) Dat alvorens die transaksie geadverteer word, daar eers skriftelike bevestiging van die kopers bekom word dat hulle tot die voorwaardes soos vervat in hierdie verslag, instem;
- (g) Dat volmag verleen word aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die verkooppooreenkoms te mag finaliseer en onderteken.

7.10/...

7.10 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM (SAKEPERSEEL) TE DARLING (12/2/B)

Swartland Munisipaliteit is die geregistreerde eienaar van erf 4230, Bloekomboomlaan (groot 529 m²) wat as besigheidsone 1 gesoneer is.

Na aanleiding van onlangse belangstelling deur entrepreneurs om die eiendom te bekom, word aanbeveel dat 'n mededingende proses gevolg word om vermelde eiendom te vervreem.

BESLUIT

(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates dat finansiële aanbiedinge by wyse van openbare tender gevra word vir die vervreemding van erf 4230, Darling (529 m² groot);
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendom wat te koop aangebied staan te word uit die staanspoor vir vervreemding as besigheidsperseel geïdentifiseer is in terme van die sonering daarvan en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geormerk is nie;
- (c) Dat die reserweprys (BTW uitgesluit) vir die eiendom vasgestel word teen R209 000,00, welke reserweprys deur die Raad geag word die markwaarde daarvan billik te reflekteer;
- (d) Dat volmag verleen word
 - (v) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om
 - te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksie ontvang word; en om
 - die aanbiedinge wat ontvang word vir die eiendomme te oorweeg vir aanvaarding al dan nie, en om 'n besluit te finaliseer rakende die oordrag van die bate;
 - (vi) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur;
- (e) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien bogemelde eiendom onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand-uit op 'n 'first come first serve' basis verkoop mag word teen die reserweprys of hoër, mits die reserweprys ooreenstem met billike markwaarde (gebaseer op die munisipale waardasie van die eiendom op die stadium van vervreemding), en met dien verstande verder dat dieselfde opskortende voorwaardes wat in die koopoooreenkoms vervat staan te word, op gemelde koper van toepassing gemaak word.

7.11 2018 VERGADERINGSKEDULE (3/4/2/1)

Die konsep 2018 Vergaderingskedule is met die sakelys gesirkuleer.

VIR KENNISNAME

- (a) Dat die voorgestelde vergaderingskedule vir 2018 aanvaar word;
- (b) Dat die datums vir publieke insae in die plaaslike media gepubliseer word, asook op die munisipale webtuiste op 'n halfjaarlikse basis;
- (c) Dat elke raadslid van die finale skedule voorsien word, sowel as die Weskus Distriksmunisipaliteit vir beplanningsdoeleindes;
- (d) Dat die vergaderingskedule ook aan SALGA en die Provinsiale Departement van Plaaslike Bestuur voorsien word.

**GETEKEN:
SPEAKER**